Die seënspreuke in die Boek Openbaringe.

Tekste: Openbaring 1: 1 - 3; 14:9 - 13; 16:12 - 16; 19:5 - 10; 20:1 - 6; 22:6, 7; 22:10 - 21.

1. Inleiding op die Seënspreuke:

Daar is sewe saligsprekings in die boek Openbaring.

- Almal van hulle sê op die een of ander manier dat ons die Woord van God moet bewaar en die inhoud daarvan ten volle ons eie moet maak.
- Hulle neem toe in erns en dringendheid, totdat die Here die laaste verse van die Bybel skryf, en ons as't ware groet met die laaste een.
- Vyf van hierdie saligspreuke word deur iemand in die hemel uitgespreek. Hulle word dus uitgespreek met absolute en onbetwisbare gesag.
- Almal lê binne die raamwerk van die eerste een (Openbaring 1:3) naamlik dat die seën en saligheid van God rus op die gelowiges wat die openbaring en misterië van God eerbiedig.

NB: Net vir interessantheid: Daar is veertien (14) Wee! Uitsprake in Openbaring!

Daar is veral twee dinge wat in hierdie sewe seënspreuke skerp na vore kom:

- Die Here Jesus eis van ons om tydens ons aardse lewe die Woord van die Here skerp en getrou te onderhou.
- Die Bybel openbaar aan ons die vrug van die bewaring van God se Woord: Die saligheid ná hierdie lewe.

2. Kennismaking met die Term Salig (makarios);

In die LXX het die werkwoord verskillende betekenisse gehad:

- om te seën
- om gelukkig te maak
- Die grondbetekenis beskryf die staat van geseëndheid waarin ‘n mens homself bevind - veral dan die beweging uit ‘n mens se verlorenheid in die seën van die Almagtige God in.

In die Nuwe Testament beskryf hierdie woordgroep die deel van die mens in die redding/verlossing in die koninkryk van God.

- Die werkwoord kom voor in Lukas 1:48 in Maria se woorde:
  …omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem. (AFR1953)

- Die volgende gedeelte waar die woord voorkom, is Jakobus 5:11
  Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is. (AFR1953)

- As selfstandige naamwoord lees ons die woord in Galasiërs 4:15:
  Wat was dan julle saligprysing? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het. (AFR1953)

- Kan een mens ‘n ander saligspreek/salig verklaar, byvoorbeeld iemand soos Dawid?

Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: (Romeine 4:6 AFR1953)

Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:9 AFR1953)

Hier beteken die woord ***makarios*** vergifnis van alle sondes! (Wie kom almal agter dat Paulus hier teruggryp na Psalm 32?)

- Salig beteken dan dat alle menslike waardes omgekeer word, en met God se waardes vervang word.

Daar is 'n aantal uitsprake wat aan die adres gaan van almal wat ly (martelare is!) ter wille van hulle geloof. Die saligsprekinge verseker elke keer dat die lyer goddelike loon/vergoeding (reward) ontvang.

Lees elkeen van die volgende gedeeltes en bespreek die inhoud:

- ***makarios*** is dié wat oë het wat kan sien en ore wat in staat is om te hoor - Matteus 13:16vv
- ***makarios*** is dié wat die openbaring van God in geloof aanvaar - Lukas 1:45; Matteus 16:17
- ***makarios*** is dié wat nie aan die Here aanstoot neem nie - Matteus 11:6
- ***makarios*** is dié wat nie sien nie, en tog glo, m.a.w. die wat nie stremming en eise aan die openbaring stel nie - Johannes 20:29
- ***makarios*** is dié wat die Woord van God hoor en dit bewaar - Lukas 11:28.
- ***makarios*** is dié wat wakker is wanneer die Here kom – Lukas 12:37vv (Die dubbelde gerigtheid van God se oordeel, naamlik oordeel en genade, word hier sterk beklemtoon). Vergelyk ook Openbaring 16:15
- ***makarios*** word ook toegeken aan iemand wat betroubaar is – Matteus 24:46vv; Lukas 12:43
- ***makarios*** word ook toegeken aan iemand wat oor die algemeen die Christelike waardes nakom – Lukas 14:14; Johannes 13:17; vergelyk ook Jakobus 1:25
- ***makarios*** word ook toegeken aan iemand wat versoekings kan weerstaan – Jakobus 1:12

Vraag:
Wat maak u van die saligspreuk in Romeine 14:22?

3. Die eerste Seënspreuk:

Openbaring 1:3:

Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

Wat is die kernbetekenis van hierdie vers?
Wag die Here Jesus se verskyning op die wolke in met sy Woord in jou mond, in jou ore en in jou hart!

Die betekenis is dieselfde as in Psalm 1:1 en Matteus 5:3.

Psalm 1:1

> **Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;** (AFR1953)

Matteus 5:3

> **Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.** (AFR1953)

Wat is die bedoeling van die boek Openbaringe?

Die boek Openbaring is die program wat die Here blootlê waarmee Hy deur die loop van die eeue deur sy magswerking die hele wêreld regeer.

- Hy openbaar hoe Hy sy volle heerskappy uitoefen en hoe Hy sy koninkryk deur die ganse heelal vestig en tot stand bring.
- Hy openbaar ons plek in hierdie groot raadsplan, nl. hoe God se uitverkorenes in sy koninkryk in volle saligheid lewe.

Die Here lê nadruk op die waarheid en die waarde van die dinge wat in die boek meegedeel word. Die Here spreek daarna 'n seën uit:

> **Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby** (v. 2).

Die Here praat hier van die heil wat die lewe in geloof en volgens die inhoud van hierdie boek meebring.

- Die mense wat glo wat in hierdie boek geopenbaar word, en wat daarvolgens kan lewe, is salig.
- Die saligspreking dring aan op lees en bekendmaak van God se Woord.

Die lyn wat die woorde: die woorde van die profesie in die boek Openbaringe beskryf

Die Boek openbaring verwys vier keer na die woorde van die profesie:

Openbaring 1:3

> **Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.** (AFR1953)

Openbaring 22:7

> **Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.** (AFR1953)

Openbaring 22:10

> **En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby**. (AFR1953)

Openbaring 22:18

> **Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is**. (AFR1953)

Hoe gebeur hierdie openbaring?

Die Here sê hoe hierdie openbaring in die kerk gebeur:

- Dit moet gelees en voorgelees word.
- Daar moet dus iemand wees wat dit voorlees.
- Daar moet verder mense wees wat daarna luister.
- Voorlees en luister gebeur meestal tydens 'n erediens.
- Kyk net watter geweldige klem word hier geplaas op Bybellees.

Die Here plaas ons in 'n verhouding waarin ons sy wil, sy genade en sy Goddelike almag uit die Woord moet voordra, en dit wat voorgedra word, moet inneem. Vir die mense wat so met die Bybel omgaan, is die Here se waardering so hoog dat Hy sê hulle is salig.

Die opdrag: “bewaar” het natuurlik 'n besondere betekenis:

- Ons moet die Woord van God so lees en hoor dat ons dit onthou.
- Die onthou moet van so 'n aard wees dat
    - ons gedagtegang en ons wil,
    - dit wat ons praat en ons optrede,
    - ons hele innerlike bestaan
    - en ons uitwendige gedrag

  beheers moet word deur die inhoud van die Bybel.

Die Openbaring van God gryp in hierdie uitspraak terug na die eerste opdragte wat God aan die mens gegee het toe sy geskiedenis begin het.

Genesis 2:15

> **Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.** (AFR1953)

Genesis 3:24

> **So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.** (AFR1953)

Daar is 'n baie sterk aansluiting tussen hierdie bewaar-opdrag wat in die laaste Bybelboek aan ons gegee word en die bewaak-opdrag wat die Here aan Adam gegee het in die Paradys.

- Hy moes (en kon) die skepping net bewaak in ooreenstemming met God se volle wil (soos dit later in sy Woord aan ons geopenbaar is).
- Die Here gryp met hierdie eerste saligspreking in die boek Openbaring terug na die begin van die skepping toe, en dan veral na die opdrag waarmee Hy ons in die toekoms ingestuur het.

Dit beteken vir ons ook dat ons op alles in God se Woord moet let.

- Dit gaan oor die geheel: ons kan nie net stukke daarvan gebruik of vashou nie.
- Daar is 'n eenheid en volheid in die openbaring van God en dit moet ten volle in ons indring.

Waarom?

Die antwoord word gegee: **Want die tyd is naby!**

- Die verwerkliking van die inhoud van die openbaring het reeds begin en die vervulling daarvan is voor die deur.
- Al sou dit eeue duur, sal die gelowiges al hoe nader aan die einde al hoe skerper die pyn van die aanslae van die antichris en sy magte voel - maar genadiglik wag die verlossing en saligmaking aan die einde daarvan.

4. Die tweede Seënspreuk: 14:9 - 13;

> **En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar. En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf *salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe.* Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.** (Openbaring 14:9-13 AFR1953)

Die aanloop na Openbaring 14!

Hoofstuk 6:

Daar is teëstand teen die evangelie en die gelowiges word in duisende doodgemaak.

Hoofstuk 7

Die Here verseël sy uitverkorenes.

Hoofstuk8 en 9

Die oordele van die Here word uitgestort.

Hoofstuk 10

Daar kom nog meer oordele - wat saamhang met die gebede van die heiliges in hoofstuk 8.

Hoofstuk 11

Die toestand van die kerk (gelowiges) in die hele Nuwe Testamentiese tyd - teen die einde van die tyd is die kerk en die Evangelie uitgeroei!

Hoofstuk 12 en 13

Die wese van die stryd word hier geopenbaar (o.a. Satan wat Christus vervolg). Dis ‘n stryd van Satan teen God. In sy stryd gebruik die Satan wêreldheersers en hulle magte en (helaas!) ook die magte binne die kerk (valse profete!) om God te beveg.

Hoofstuk 14

Hierdie hoofstuk sluit aan by hoofstuk 7 waar die uitverkorenes verseël word om veilig te wees teen alles wat gaan gebeur.

Die inhoud van Openbaringe 14:

Openbaringe 14 bestaan uit drie dele.

- Die eerste gedeelte laat ons in die hemel in die ewigheid inkyk.
    - Ons word agter die tyd neergesit, en ons kan sien wat word van alles wanneer die wêreldgeskiedenis verbygegaan het: die hemelse saligheid word ten volle geniet deur God se uitverkorenes.
- Die tweede gedeelte is weer terug in die huidige aardse tyd en openbaar wat nog alles sal gebeur tot by die einde - veral die oproepe tot bekering.
- Die derde gedeelte openbaar die einde: Jesus Christus kom samel sy graanoes in, en 'n engel kry opdrag om die eindoordeel oor die ongelowiges te voltrek.

Hoe swaar dit gaan wees om die Bybel te bly lees en verkondig, word met die openbaring rondom die tweede saligspreuk duidelik.

- Die tweede saligspreuk vertel juis van die ellendes wat die aarde gaan tref en wat die Here daaraan gaan doen.
- Drie engele kondig die oordeel van die Here aan.
- Die derde een waarsku ernstig dat ons nie die dier en sy beeld moet aanbid nie.
- Ons moet op geen manier aan sy aktiwiteite deelneem nie: ons moet nie eers sy merkteken op ons voorhoofde of op ons hande ontvang nie.

> **En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam."**
> (Openbaring 14:9-10 AFR1953)

Die engel kondig die verskriklike straf van die Here aan vir die mense wat in hierdie vervalsde godsdiens gaan verval. Waaruit bestaan die straf/oordeel van God oor sulke mense?

> **...sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.** (Openbaring 14:10-11 AFR1953)

Let op wat die engel aankondig:

- Dit is baie belangrik om daarop te let dat die engel se aankondiging gaan oor die verleiding en afval wat voor die wederkoms gaan gebeur - m.a.w. dat mense hulle nie meer aan die Here se Woord gaan steur nie.
- Daarna kondig hy die wraak van die Here hieroor aan.
    - Die straf wat die Here oor hierdie mense voltrek is globaal en individueel: dit betrek die hele groep, maar ook elke sondaar/ongelowige afsonderlik.

Die Here gebruik 'n beeld wat sinspeel op die verbondseën wat Hy bevestig by die Nagmaal wanneer die Nagmaalgangers uit die beker drink.

- Hier gee die Here ook 'n beker aan, maar met 'n verskil: die gestrafdes kry 'n beker van toorn.
- NB Elkeen kry nie 'n kelkie nie: hulle deel saam in die een groot toorn van God - soos dit deur die beker van God se toorn uitgebeeld word.

Die beeld loop deur die hele Bybel:

- **(75:9) Want in die hand van die HERE is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink.** (Psalm 75:8-9 AFR1953)

- **Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig.** (Jesaja 51:17 AFR1953)

- **Want so het die HERE, die God van Israel, vir my gesê: Neem hierdie beker van die wyn van grimmigheid uit my hand en gee dit om te drink aan al die nasies na wie Ek jou stuur, dat hulle kan drink en waggel en rasend word weens die swaard wat Ek onder hulle stuur. En ek het die beker uit die hand van die HERE geneem en al die volke laat drink na wie die HERE my gestuur het;** (Jeremia 25:15-17 AFR1953)

- **En as hulle weier om die beker uit jou hand te neem om te drink, moet jy vir hulle sê: So spreek die HERE van die leërskare: Drink sál julle!** (Jeremia 25:28 AFR1953)

- **Want so sê die HERE: Kyk, hulle wat eintlik die beker nie moes drink nie, moet sekerlik drink; en jy, sou jy heeltemal ongestraf bly? Jy sal nie ongestraf bly nie, maar sekerlik drink.** (Jeremia 49:12 AFR1953)

- **Jy het jou versadig met skande in plaas van met eer--drink jy ook nou, en wees ontbloot. Na jou toe sal die beker van die regterhand van die HERE omgaan, en skande tref jou eer.** (Habakuk 2:16 AFR1953)

- **Maar Jesus antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Hulle sê vir Hom: Ons kan. En Hy sê vir hulle: Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word; maar om te sit aan my regter-- en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is.** (Matteus 20:22-23 AFR1953)

- **Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.** (Matteus 26:27 AFR1953)

- **En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.** (Matteus 26:39 AFR1953)

- **Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.** (Matteus 26:42 AFR1953)

- **die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?** (1 Korintiërs 10:16 AFR1953)

- **Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.** (1 Korintiërs 10:21 AFR1953)

- **Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.** (1 Korintiërs 11:25-27 AFR1953)

- **En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.** (Openbaring 16:19 AFR1953)

- **En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;** (Openbaring 17:4 AFR1953)

- **Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.** (Openbaring 18:6 AFR1953)

Die beeld openbaar dat dit 'n geweldige straf is, want die grimmigheid van God word ongemeng ingeskink in die beker van sy toorn.

- Die Here gaan hierdie verkeerde mense sonder genade of deernis straf en laat ly.
    - Die feit dat die wyn ongemeng is, leer dit, want dit beteken dat daar nie water by die wyn gegooi word om die uitwerking van die wyn te versag nie.
- Die straf van die Here raak hulle liggame en hulle siele.
    - Die oordeel van die Here tref dus hierdie mense in sy volle almagtige krag. Dit veroorsaak die geweldigste pyn.
- Tog is die straf reg, want die Here en die heilige engele staan en toekyk en hulle is tevrede daarmee.

Waar staan u en ek in hierdie oomblikke?

Die Here gee die antwoord: Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo. (14: 12).

- Dit is 'n terugverwysing na die saligspreking dat ons die Woord moet bewaar.
- Hier word die vrug daarvan om die Woord te bewaar, uitgespel: die wat dit nie doen nie, gaan hel toe.

Die (ons) wat wel die woord van die Here bewaar, se toekoms word in 'n saligspreuk afgekondig.

En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle (Openbaring 14:13).

Dit is wat van ons word:

- Die gelowiges sal hier vervolg word en uiteindelik doodgemaak word as ons die woord van die Here bly bewaar.
- Maar ons sal geseënd wees, want ons sal in die Here sterwe.
- Die oomblik wanneer ons sterf, gaan ons in die ewige saligheid in, want dan is ons by die Here.

Kyk na die betekenis:

Daar is as't ware 'n banier oor ons swaarkry om te kan bly glo, en te bly veg teen die wat wil hê dat ons moet verkeerd glo of ophou glo:

- Die Here Jesus Christus is nou in sy volle heerlikheid in die hemel en daar wag Hy die mense in wat aan Hom behoort.
- Oor ons dood en oor ons graf heers die opstanding uit die dood en die ingaan in God se ewige koninkryk.
- Ja, sê die Gees, hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.

5. Die derde Seënspreuk: 16:12 - 16;

En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. (Openbaring 16:12-15 AFR1953)

Die Here kom telkens terug op die tema dat ons sy Woord en die profesieë daarin moet bewaar.

- Elke keer word die noodsaak daarvan uit 'n ander hoek belig.
- Wanneer die sesde engel sy skaalbak uitgooi op die groot Eufraatrivier, word die grense tussen kerk en wêreld uitgewis.

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. (Openbaring 9:13-14 AFR1953)

En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. (Openbaring 16:12 AFR1953)

In daardie tyd werk die duiwel uit die hel in die kerk op drie verskillende terreine:

- Die eerste is 'n regstreeks duiwelse invloed in die kerk;
- Die tweede is 'n politieke gees wat die kerk vasvang;
- Die derde is 'n streep dwaalleer en afgodsdiens wat van die kansels af kom.

NB. Wat belangrik is, is dat die duiwel in hierdie tyd self uit die hel uit werk in die kerk in (v.14).

- Wat verder belangrik is, is dat die werk wat hy doen, sy (die duiwel se...) eienskappe dra: Selfsugtigheid en verwaandheid, roof (van God se aanbidding) en moord (God beskuldig hom daarvan). Lees ook Openbaring 13:4, 11vv.

Hierdie magte vorm saam 'n span wat in groot eenheid en harmonie saamwerk teen die Here en sy kerk.

- Uiteindelik mobiliseer hulle al die magte wat op die aarde is om teen God oorlog te voer.
- Daar is net een manier hoe ons nie onder die invloed van hierdie magte kan kom nie, en dit is deur die Woord van die Here te ken - sodat ons God self ken en sy openbaring ken.
- Dan kan ons onderskei tussen hierdie magte se leuens en die suiwer leer van God.

Die valse profeet is die dier wat uit die aarde opkom. Lees hierby:
Openbaring 13:11vv.

> **En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.** (Openbaring 13:11-17 AFR1953)
>
> **En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.** (Openbaring 19:20 AFR1953)
>
> **En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.** (Openbaring 20:10 AFR1953)

Vir die duiwelse invloed deur die profete vergelyk 2 Kronieke 18:19vv:

> **En die HERE het gesê: Wie sal Agab, die koning van Israel, oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gílead? En die een het so gesê, en die ander weer so. Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom: Waarmee? En hy sê: Ek sal uitgaan en ‘n leuengees word in die mond van al sy profete. En Hy sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so. En nou, kyk, die HERE het ‘n leuengees in die mond van hierdie profete van u gegee, terwyl die HERE tog onheil oor u gespreek het.** (2 Kronieke 18:19-22 AFR1953)

Lukas 21:8vv.

> **En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.** (Lukas 21:8 AFR1953)

Die dier en die valse profete, maar so ook die inspirasie wat hulle beheers, kom direk uit die hel. Hulle magte gaan bo die van gewone menslike magte uit. Hulle doen byvoorbeeld tekens:

> **Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. (**Openbaring 13:13 AFR1953)

> **...hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen...** (2 Tessalonisense 2:9 AFR1953)

Hulle slaag ook daarin om mense te verlei!

Vir die dwaalleer wat hulle aanvang, kyk na 1 Timoteus 4:1vv.

> **Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.** (1 Timoteus 4:1-3 AFR1953)

Mense wat geestelik aan die slaap is, word deur hierdie magte onkant gevang.

- Daar gaan 'n tyd kom - en dit skemer al deur - dat mense nie meer glo in die wederkoms van die Here nie en dit ook nie meer afwag nie.
- Daarom waarsku die Here sy kerk: moenie verslap of aan die slaap wees nie. Verwag My enige oomblik, want Ek kom soos 'n dief.
  Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie (Openbaring 16:15).

In daardie tyd het mense kaal geslaap.

- As daar skielik in die nag 'n dief in die huis inkom, het hy die huismense sonder klere betrap.
- Dit is waarna die Here hier verwys:
  Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.

- Die een wat sy klere reghou, is die een wat so ingegrawe is in die woord van die Here, dat hy altyd gereed is om die Here te kan ontmoet.

Hierdie duiwelse magte mobiliseer die hele mensdom.
Vergelyk die volgende twee uitsprake: Openbaring 3:10 en 12:9.

> **Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.** (Openbaring 3:10 AFR1953)

En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:9 AFR1953)

Hierdie donker magte maak hulle gereed vir ‘n verskriklike oorlog. Hierdie oorlog vind nooit plaas nie, want die Here gryp in deur Self te verskyn!

...en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, (2 Tessalonisense 2:8 AFR1953)

En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra? (Joël 2:11 AFR1953)

Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. (Joël 2:31 AFR1953)

...sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het. (Joël 3:2 AFR1953)

Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom. Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot. Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing! Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel. (Joël 3:12-16 AFR1953)

Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. Daarop sê ek: Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel van die HERE daarby staan. En die Engel van die HERE het Josua plegtig verseker en gesê: (Sagaria 3:2-6 AFR1953)

In hierdie bange tyd kom troos die Here Self die gelowiges wat op die aarde is met die seënspreuk van Openbaring 16:15. Hy bevestig dit aan die mense dat Hy kom!.

Kyk, Ek kom soos ‘n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. (Openbaring 16:15 AFR1953)

Hy is nie deur die wêreld en die nuutste strome weggespoel, sodat hy die heilsklere wat die Here Jesus Christus vir hom gegee het, uitgetrek het, en hy nou in die skande is omdat hy van sy insigte prysgegee het vir verkeerde dinge nie.

Vergelyk hierby die volgende Skrifuitsprake:

> **Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.** (Matteus 24:43 AFR1953)
>
> **Verkoop julle besittings en gee aalmoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie.** (Lukas 12:33 AFR1953)
>
> **...want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.** (1 Tessalonisense 5:2 AFR1953)
>
> **Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.** (1 Tessalonisense 5:4 AFR1953)
>
> **Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.** (2 Petrus 3:10 AFR1953)
>
> **Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.** (Openbaring 3:3 AFR1953)

6. Die vierde Seënspreuk: 19:5 - 10;

Tot sover was al die dinge wat voor elke saligspreuk geopenbaar is, en waarop elke saligspreuk betrekking het, nog deel van die tyd waarin ons lewe, m.a.w. die tyd voor die wederkoms. *Met die vierde saligspreking skuif die Here se openbaring uit ons tyd uit.*

Die Here kom in Openbaring 19 weer terug op die vernietiging van die goddeloses.

- Babilon word vernietig.
- Dit is 'n geweldige oordeel, maar die klem van die openbaring val nie daarop nie. Dit val op engelesang en groot blydskap wat in die hemel heers.

Die gereddes en die engele sing en sê aanhoudend:

> **Halleluja! Amen! Halelluja! Prys ons God al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!** (v. 3, 4, 5, 6, 7).

Die Here word letterlik deur almal en alles geprys oor sy ewige oordeel wat Hy uitgevoer het. Hy word daarvoor gedank en geroem.

Meteens val die kollig skerp op die kerk van die Here.

- Die Here Jesus het sy kerk deur die eeue deur sy Gees en Woord vermeerder en bewaar. Lees wat ons belydenis hiervan sê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 12

> ***Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?***
> ***Antwoord:*** *Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige*

Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, ***wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar*** *(g).*
(a)Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, l0. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk l:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?
Antwoord: *Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).*
(a)Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom l2:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13;. Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Dieselfde dinge word ook in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 behandel:

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?
Antwoord: *Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).*
(a)Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-l7; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:l4, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:l0. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?
Antwoord: *Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).*
(a)1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, l3; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?
Antwoord: *Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).*
(a)1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

- Dit bring die kerk in die hiernamaals in 'n baie besondere posisie: daar is 'n huwelik, en sy is die bruid wat voorberei is (...aan haar is gegee...).
- Haar verlossing en toetrede tot die ewige heerlikheid van God se teenwoordigheid berus nie op haar eie verdienste nie.
- Alles word uit genade deur die Here aan haar geskenk, want die Here Jesus het dit vir sy kerk verwerf.

Die Here het Johannes opdrag gegee om oor hierdie feesvierende menigte ook 'n saligspreuk neer te skryf:

> **Toe sê hy vir my: Skryf, salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God** (Openbaring 19:9).

Die gelowiges word nie verlos en op sterkte van hulle optrede salig gemaak nie.

- Al die seëninge en saligheid word vir hulle gegee.
- Hulle saligheid staan vas in die seën wat hulle van die Here af ontvang omdat Hy hulle na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi het.

Tog gryp hierdie saligspreking ook terug op die eerste een, want daar staan dat die fyn linne die regverdige dade van die heiliges is (19:8). *Regverdige dade is die bewaring van die Woord van die Here.*

Hierdie saligspreking troos ons:

- Al is daar hoeveel rede vir bangheid en al leef ons in 'n verdwaaltyd - ons saligheid lê vas in die verlossingsraad wat groter is as die dinge van ons wêreld.
- Dit gaan ook lank voor ons geskiedenis uit, want hierdie verlossingsraad is voor die skepping al deur die Here vasgelê (Efes. 1: 4).
- Dit is hierdie vooruit roeping van die Here wat ons as saliges aan die bruilofsmaal van die Here besorg.

Voetnoot: Die woord wat met vrees vertaal word in Openbaring 19 beteken: sielsverbondenheid, verering, heilige ontsag. Dit beteken nie: angs of bangheid nie!

7. Die vyfde Seënspreuk: Openbaring 20:1 – 6.

Die effek wat dit op ons het om die woord van die Here te lees, hoor en bewaar, word nog 'n keer uit 'n ander hoek belig. Die Here openbaar hoe magtig Hy is, en waartoe Hy met sy heerlikheid in staat is.

- Hy stuur 'n engel uit die hemel om die Satan te gaan bind vir duisend jaar lank.
- Toe dit gedoen is, het die Here almal wat Hom aanbid, oorspoel met sy heerlikheid en majesteit.
- Die oomblik wanneer hulle sterf, tree hulle toe in die ligkring van sy almagtige en koninklike majesteit.

Die Here beskryf dit ook met 'n saligspreking:

> **Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank** (Openbaring 20:6).

Die Bybel maak net twee keer melding van die eerste opstanding. Altwee keer is dit in Openbaring 20:

> **En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.** (Openbaring 20:5-6 AFR1953)

Dié wat aan die eerste opstanding deel het, is geseënd en heilig.

- Die eerste opstanding is dieselfde oomblik wanneer jy sterf.
- Ons wat glo, is dan dadelik by God in die hemel.
- Dit is die vernaamste en allerbeslissende opstanding, omdat met daardie opstanding ook die oordeel oor ons voltrek word.
- Die woorde eerste opstanding beteken dat so iemand deel het aan die ewige geluksaligheid.
- Hierdie mense is op daardie oomblik vry van alle sonde.
- Hulle is van daardie oomblik af volkome met Jesus Christus verbonde.
- Vanselfsprekend gaan hulle deelneem aan die tweede opstanding wanneer die liggame weer uit die aarde opstaan, en weer met ons siele verenig word wanneer die Here verskyn by sy wederkoms.

Die Bybel stel dit beklemtoond:

> **Oor hulle het die tweede dood geen mag nie**

M.a.w. hulle neem deel aan die tweede opstanding.
Van **die tweede dood** praat die Bybel in die volgende gedeeltes:

> **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.** (Openbaring 2:11 AFR1953)
> **Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.** (Openbaring 20:6 AFR1953)
>
> **En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.** (Openbaring 20:14 AFR1953)
>
> **Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.** (Openbaring 21:8 AFR1953)

Die Bybel openbaar watter posisies diegene oor wie die tweede dood geen mag het nie, dan inneem:

> **Hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.**
>
> **…en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.** (Openbaring 1:6 AFR1953)
>
> **…en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.** (Openbaring 5:10 AFR1953)

Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. (Openbaring 20:6 AFR1953)

en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. (1 Petrus 2:5 AFR1953)

Let op dat hier ‘n terugspeling is na Melgisédek toe.

- Hy was ’n PriesterKoning - Die Here Jesus Christus is dit vir ewig.
- Nou word die gereddes dit ook: Hulle is priesters, maar hulle regeer.
- Dit is nie normaalweg die werk van priesters om te regeer nie.

8. Die sesde en sewende Seënspreuk: Openbaring 22:6, 7; 22:10 - 21.

Nadat die Here sy openbaring oor die Nuwe Jerusalem en sy inwoners afgehandel het (Openbaring 22:5), word die kerk nog weer 'n keer vir oulaas opgeskerp om tog te bly by die Woord en die profesië van die Here.

Om dit sterk te beklemtoon, herhaal die Here weer die eerste saligspreking - net in ander woorde:

Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar. (Openbaring 22:7 AFR1953)

Daarna het die Here nog een laaste saligspreking: hierdie laaste saligspreuk sluit aan by die skeppingsgeskiedenis, en sluit ook die aarde se geskiedenis finaal af.

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. (Openbaring 22:14 AFR1953)

Die woorde boom van die lewe staan op die volgende plekke in die Bybel geskryf:

En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad. (Genesis 2:9 AFR1953)

Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! (Genesis 3:22 AFR1953)

So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. (Genesis 3:24 AFR1953)

Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys. (Spreuke 11:30 AFR1953)

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is. (Openbaring 2:7 AFR1953)

In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. (Openbaring 22:2 AFR1953)

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. (Openbaring 22:14 AFR1953)

Met hierdie saligspreuk is ons terug by die begin van ons geskiedenis. Kyk na die kontras tussen hoe dit toe was, en hoe die Here dit nou in hierdie saligspreking openbaar:

- Adam en Eva was eers rein, maar meteens – direk na die sondeval - sondebesmet en dit het veroorsaak dat hulle nageslagte in dieselfde smet en onder die vloek wat God oor die aarde uitgespreek het, gebore sou word.
    - Die wat op die Nuwe Aarde in die Nuwe Jerusalem instap is rein.
        - Maar hulle is nie vanself rein nie. Hulle klere is gewas in die bloed van die Lam.
        - Die was van die klere beteken dat hierdie mense die versoening deur die Here Jesus Christus vir hulleself gelowig toegeëien het.
        - Johannes het hulle vroeër in die openbaring ook al raakgeloop: Hulle het hulle klere gewas en hulle klere wit gemaak in die bloed van die Lam. (7: 14).
        - Die smet van ons haatlike sondige lewe word deur die kruisdood van ons Here Jesus Christus en die versoening wat daar op Golgota bewerk is, weggeneem.
        - Trouens dit word nie weggeneem asof ons nou iewers in 'n neutrale toestand beland nie. Ons word totaal rein gemaak - ons klere is blinkend wit.
        - Daarom verklaar die Here ons salig.

- Let veral ook op die woorde …**en deur die poorte in die stad kan ingaan** (Openbaring 22:14).
    - Direk na die sondeval word Adam en Eva uit die Paradys uitgedryf. Die Here het Adam en Eva uit die Paradys weggejaag.
    - Die moontlike teruggaan na die Paradys toe word ook afgesny omdat ‘n engel aangesê word om die toegang te bewaak.
    - In die hiernamaals is die toestand meteens reg omgekeerd:
        - Waar ons laas weggejaag is en die plek agter ons bewaak word om enige terugkeer te verhoed, laat die Here ons nou ingaan deur die poorte in die stad.
    - Hierdie saligspreuk beskryf hoe daardie uitdryf uit die Paradys tot niet gemaak word en hoe die gereddes inderdaad ingaan deur die poorte van die stad.
- Dit is so dat ons uit die Paradys uitgedryf is, en dat ons in die hiernamaals in die stad van God ingaan - maar die parallel is duidelik!

Die implikasie is sprekend:

- Die deur word agter ons toegemaak sodat die wêreld en sy geskiedenis van sonde, haat en ellendes vir ewig uitgesluit is uit die volmaakte koninkryk van God.
- Ons word binne toegesluit en ingegrens in die grootste heerlikheid en volmaaktheid waar God vir ewig sy Lig oor ons laat skyn.
- Niemand kan weer deur hierdie poorte teruggaan in die wêreld en sy tyd nie.

In die Paradys:
Die Here het Adam en Eva weggejaag omdat hulle in hulle ontrou van die boom van die lewe sou eet, want hulle het toe alreeds van die boom van kennis geëet.

Op die Nuwe aarde:
Hier sterf niemand weer nie, want ons deel in die boom van die lewe.

- Die Here sê dat die wat die Here Jesus gelowig aangeneem het (die Woord bewaar het), die bevoegdheid ontvang om te eet van die boom van die lewe: sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe.

Slot:

Al sewe hierdie saligsprekings beklemtoon een saak baie duidelik:

- Die Woord van die Here moet sentraal staan in ons lewe.
- Die Woord van die Here verkondig die verlossingsboodskap van die Here Jesus aan ons en leer dat dit ons persoonlike verlossing is wat daarin geopenbaar word.
- Ons moet die Woord aanhoudend lees, hoor en bewaar - veral in die verdwaaltyd waarin ons lewe.

Laat die Here Jesus wat aan die kruis gesterf het, en wat hierdie woorde op Patmos vir Johannes gesê het, se stem elke oomblik in u ore klink:

> **Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem**.

Vir eie studie:
Daar is talle voorbeelde in die Bybel van hoe en waar die duiwel mense verlei. Lees maar vir die lekker die volgende gedeeltes:
Om kaal/naak te wees voor ander mense, is 'n skande.

En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie. (Genesis 2:25 AFR1953)

Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak. (Genesis 3:7 AFR1953)

En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (Genesis 3:10-11 AFR1953)

Maar toe hy van die wyn gedrink het, het hy dronk geword en naak in sy tent gelê. (Genesis 9:21 AFR1953)

in dié tyd het die HERE deur die diens van Jesaja, die seun van Amos, gespreek en gesê: Gaan gord die haarmantel van jou heupe af los, en trek jou skoene van jou voete af. Hy het toe so gedoen en naak en kaalvoet geloop. Daarop het die HERE gesê: Soos my kneg Jesaja naak en kaalvoet geloop het, drie jaar lank, as teken en sinnebeeld met betrekking tot Egipte en Kus, so sal die koning van Assirië die gevangenes van Egipte en die ballinge van Kus wegdrywe, jonk en oud, naak en kaalvoet en ontbloot aan die agterdele--'n smaad vir Egipte. (Jesaja 20:2-4 AFR1953)

Ook het jy by al jou gruwels en jou hoerery nie gedink aan die dae van jou jeug nie, toe jy naak en bloot was en gelê en spartel het in jou bloed. (Esegiël 16:22 AFR1953)

En Ek sal jou in hulle hand oorgee, en hulle sal jou verwulf afbreek en jou hoogtes omgooi en jou jou klere uittrek en jou versiersels wegneem en jou naak en bloot laat staan. (Esegiël 16:39 AFR1953)

en niemand verdruk nie, geen pand neem en geen roof pleeg nie, sy brood gee aan die wat honger het, en met 'n kleed toedek die wat naak is, (Esegiël 18:16 AFR1953)

(2:1) Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg. (2:2) Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterwe. (Hosea 2:2-3 AFR1953)

En die dapperste onder die helde sal op dié dag naak wegvlug, spreek die HERE. (Amos 2:16 AFR1953)

En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? (Matteus 25:38 AFR1953)

Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. (Matteus 25:43 AFR1953)

maar hy het die linnedoek laat staan en naak van hulle weggevlug. (Markus 14:52 AFR1953)

Daarop sê die dissipel--die een vir wie Jesus liefgehad het--aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om--want hy was naak--en werp homself in die see. (Johannes 21:7 AFR1953)

Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het. (Handelinge 19:16 AFR1953)

Tot op hierdie uur ly ons honger en dors, is ons naak en word geslaan, en swerwe ons rond, (1 Korintiërs 4:11 AFR1953)

as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie. (2 Korintiërs 5:3 AFR1953)

As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, (Jakobus 2:15 AFR1953)

Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geworden het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. (Openbaring 3:17 AFR1953)

En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. (Openbaring 17:16 AFR1953)